Genade onbeskryflik groot het God aan my bewys.

GRACE

GRACE: **G**OD'S **R**ICHES **A**T **C**HRIST'S **E**XPENSE.

Efesiërs 2 : 1 - 10

"Deur Sy groot liefde het Hy ons, wat dood was agv ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee..." (verkort)

Genade is dus verlede tyd, ons bekende lied: Amazing Grace,
"Genade onbeskryflik groot, HET U aan my bewys".
Genade het 'n hede.
Genade het 'n toekoms. (:10).
GENADE het 'n Naam: GOD! God is genade.

Dis baie belangrik om te verstaan, ek moet erken
toe ek dit verstaan het, het my hele lewe verander,
om die 1 sin te verstaan: GENADE IS WIE GOD IS.

God is genadig, want Hy is genadig.

Genade is 'n karakter eienskap van God,
dit is die hart van God,
dit is wie God is.

Sodra mens oor genade begin preek
of in die Bybelstudie
sal daar altyd mense wees wat sê: moenie genade
oorbeklemtoon nie.
Want wat van God se straf
en wat van dat mense passief raak
en dat mense kan leef soos hulle wil?

Om te sê God se genade is 1 aspek van God, 1 van 'n paar, is om die punt te mis.

Dis so goed iemand kom na jou en sê
Jan, jy is te Jannerig, jy moet ook bietjie Sannerig wees.

Om te sê God is te genadig, is so goed as om te sê: God moet bietjie ophou, Hy kan nie net genadig wees nie

Jammer, as dit teleurstellend is, maar God gaan nie verander nie, God gaan maar net genadig wees, God is genadig.

Watter woord verstaan jy nie?
GOD of
IS of
GENADIG.

GENADIG beteken, alles wat God:
sê, alles wat God doen, elke daad, elke optrede
elke besluit, elke Herderlikheid, elke gedagte wat God oor jou het, is net 1 woord: GENADE

Hy gaan nie anders nie. Hy is nie anders nie
Hy kan nie anders nie. Hy kan dit nie verhelp nie: GOD IS